EXCELSIOR KOSHUIS

Fisiese adres: *Aanhuizenstraat, Swellendam, 6740*
Posadres: *Posbus 141, Swellendam, 6740*
Navrae: *Mev. M Lambrechts / R Janse van Rensburg*
Telefoon: *028 – 514 2305*
E-pos: *reinierjvr@yahoo.com*

1 Februarie 2021

Geagte Koshuisouers en Leerders

Soos ons almal deeglik bewus is van die uitdagings wat Covid-19 aan ons stel was ons genoodsaak om uiters belangrike aanpassings aan ons huidige koshuisreëls te maak om sodoende die verspreiding van die virus te beperk. Hierdie is slegs ‘n aanvulling tot die huidige reëls en dit vervang nie enige vorige beleid nie.

Ons wil by Huis Excelsior u gerusstel dat ons alle moontlike planne gemaak het om die verspreiding van die virus te beperk om personeel, leerders, u as ouers en die gemeenskap te beskerm maar ongelukkig kan ons niemand se veiligheid m.b.t die virus waarborg nie.

Ek wil ‘n beroep op u as ouer doen om met u kind te sit en die stel aangepaste reëls sorgvuldig deur te gaan en te bespreek sodat ons almal weet wat ons pligte en verantwoordelikhede is om hierdie virus se verspreiding te beperk. Sodoende kan ons almal by die koshuis veilig wees en gelukkig aangaan met ons dagtake.

Graag word u op hoogte gebring rakende die volgende sake:

1. **Heropening van Koshuis**

- **ALLE** leerders kan terugkeer koshuis toe op Maandag 15 Februarie 2020 voor 07:00 of tussen 14:00 en 15:00.
- Leerders wat op Sondae inkom is welkom om op Sondag 14 Februarie tussen 18:00 en 20:00 aan te meld.
- Nuwe leerders en ouers sal deur die superintendent, matrone en personeel by die hoofhek van die koshuis ontvang word om u en u kind te verwittig van koshuissake.
- Leerders gaan elke dag skool toe en volg die uitgewerkte rooster wat opgestel is.
- Indien die spesifieke graad leerders nie op die betrokke dag klas het nie, is daar voorsiening gemaak vir ‘n toesigklas waarin alle koshuisleerders die dag sal deurbring waar hulle kan studeer, huiswerk doen, lees, ens.
- Let asseblief daarop dat alle leerders op ‘n Vrydag teen 15:00 reeds die koshuis moet verlaat, aangesien sanitasie van die hele gebou dan moet plaasvind.

2. **Ouerbetrokkenheid**

- Graag doen ek ‘n beroep op elke kosganger se ouers om met verantwoordelikheid op te tree in u privaat hoedanigheid rakende die Covid-19 regulasies sodat u kind die voorbeeld kan nastreef en ook hier by die koshuis openbaar.
- Ouers kan ongelukkig nie meer die koshuisterrein betree wanneer leerders afgelaai word nie.
- Leerders word by die hek afgelaai en moet self hul bagasie indra.
- Daar word buite die hek afskeid geneem van leerders.
- Geen ouerbesoeke word toegelaat tydens u kind se verblyf in die koshuis nie.
- Indien daar ‘n noodgeval is moet u die superintendent telefonies kontak indien u u kind moet sien.
- Maak asseblief saam met u kind baie mooi seker dat hy/sy alles inpak wat vir die week benodig gaan word.
- Geen pakkies of aflewerings sal by die deur of hek vir u kind ontvang word nie.

- Wees asseblief bedag daarop dat indien u kind enige verkoue simptome het, al is dit minimaal, dat hy/sy nie koshuis toe gestuur moet word nie. ASSEBLIEF! Dit gaan onnodige paniek en angs aanwakker by almal teenwoordig.
- Alle ouers moet met die koshuis in verbinding tree en aandui of u kind gaan terugkeer na die koshuis.
- Bevestig asseblief met die matrone dat al u kontakbesonderhede nog dieselfde is.
- Alle ouers moet ten alle tye gereed wees om leerders by die koshuis op kort kennisgewing te kom haal.
- Koshuisfooie strek oor 10 maande. Dit beteken dat Januarie en Februarie ten volle betaal moet wees wanneer leerder terugkeer koshuis toe.
- Maak asseblief seker dat u koshuisrekening op datum is.
- Die maand wat u kind terugkeer na Huis Excelsior is vooruitbetaalbaar en u kind kan slegs toegelaat word indien alle gelde betaal is.
- Bewys van betaling moet saam met die leerder koshuis toe gestuur word met terugkeer.
- Indien u finansiële uitdagings ervaar maak asseblief kontak met mev. Olivier by die skool se finasies om alternatiewe reëlings te tref.
- Leerders ontruim elke naweek en u moet asseblief toesien dat alle wasgoed en beddegoed deeglik gewas word.

3. Kosgangers

- Leerders sal ten alle tye by die riglyne moet hou aangesien enige afwyking of verbreking van enige Covid-19 reëls kan lui tot permanente uitsetting uit die koshuis en kan ook lei tot verdere vervolging.
- Leerders moet hulle eie maskers saambring en verkieslik genoeg vir een week.
- Leerders moet eie sanitasie middel hê wat hulle in hul kamer moet hou. (**Koshuis voorsien ook maar nie in kamers nie.)**

4. Aanmeld by koshuis

- Alle leerders neem buite die koshuisterrein afskeid van hulle geliefdes.
- Leerders dra self hulle bagasie in die koshuis in.
- Daar moet ten alle tye ‘n materiaalmasker gedra word wat die mond en neus bedek.
- Leerder meld op die gemerkte plek aan by diensdoener.
- Temperatuur sal geneem word.
- Leerder word teenwoordig gemerk en verdaag na sy/haar kamer.

5. Kamers

- Daar moet ten alle tye ‘n 1.5m afstand tussen leerders wees.
- Maak beurte om klerekas te gebruik.
- Geen leerder mag in ‘n ander se kamer ingaan nie.
- Niemand sit saam met ‘n ander leerder op een bed nie.
- Geen leerder sal toegelaat word om buite hulle kamers te beweeg na ligte uit nie.
- Indien jy moet badkamer toe gaan na ligte uit, moet jy jou masker aan hê en mag met niemand kuier nie.
- Jy mag nie met jou masker slaap nie.

6. Gange

- Daar moet ten alle tye ‘n masker gedra word.
- Daar sal ten alle tye ‘n afstand van 1.5 m gehandhaaf word.
- Geen spelery, samedromming of sosiale aksies sal geduld word nie.
- Indien klokke lui staan alle leerders voor hulle kamerdeur.
- Een leerder voor in die deur en die se kamermaat 1.5m agter die persoon.
- Prefekte sal leerders dan verdaag en almal sal dan ordelik 1.5m uitmekaar stap volgens die program op rooster.
- Meld aan by studiesaal, eetsaal of op die plekke aangedui en behou die afstand van 1.5 m.

7. Eetsaal

- Hande moet gesaniteer word voor die eetsaal betree word.
- Elke leerder sal ‘n spesifike plek gegee word om te sit.
- Matrone en hulpmatrone sal alle opskepwerk behartig.
- Leerders sal in ‘n ry staan met die sosiale afstand in plek om kos te kry.
- Nadat daar gebid is sal leerders maskers mag afhaal en eet.
- Indien iemand klaar geeët het mag hy/sy masker opsit en dan ordelik gesels.
- Indien enige leerder iets benodig moet masker opgesit word en aanmeld by die aangeduide punt om vir die diensdoener te vra.
- Alle gebeure in die eetsaal sal per tafel geskied om enige saamdrommery te beperk.
- Leerders sal ook die eetsaal per tafel verlaat.
- Geen leerder word meer in die kombuis toegelaat nie.

8. Studie

- Matrieks studeer in hulle eie kamers. (Geen matriek sal in ‘n ander se kamer ingaan om iets te vra, te leen of vir enige ander rede nie)
- Laerskoolleerders (gr. 4 en laer) studeer in die eetsaal 1.5 uitmekaar.
- Alle ander grade studeer in die studiesaal en is onderworpe aan die streng regulasies wat daar geld.
- Diensdoener ontvang leerders buite die studiesaal en laat leerders inloop van agter na voor.
- Leerders sal studiesaal verlaat van voor na agter.

9. Badkamers

- Verskillende ouderdomme gaan op verskillende tye stort. Hou by jou tydgleuf.
- Masker mag slegs verwyder word wanneer jy in die stort inbeweeg.
- Geen spelery en geselsies sal in badkamers geduld word nie.
- Doen wat jy moet doen so gou as moontlik en beweeg dan na jou kamer.
- Maak seker jy was jou hande nadat jy die badkamer besoek het.
- **ONTSMET DIE TOILET SELF NADAT JY DIT GEBRUIK HET! (ontsmettingsmiddels sal voorsien word)**

10. Buitemuurs

- Daar is tans geen buitemuurse aktiwiteite nie en daarom sal geen leerder van die terrein verskoon word nie.

11. Woensdae (Dorpsdag)

- Ongelukkig sal dorpsdag verval en leerders sal nie die terrein kan verlaat soos in die verlede nie nie. Die risiko is net te groot om leerders aan die breër publiek bloot te stel.
- Studie van 15:00 tot 16:00.

12. Ontspanningstyd

- Geen touch rugby, sokker, krieket of enige van die soort sport sal toegelaat word nie.
- Leerders kan sosiaal buite verkeer met maskers op en ten alle tye 1.5m uitmekaar.
- Leerders wat wil oefeninge doen of om die koshuis stap sal dit wel mag doen mits die sosiale afstand ten volle toegepas word.
- Enige voorstelle vir ander aktiwiteite kan met die superintendent bespreek word.

13. Selfone

- Die bestaande reëls oor selfone bly van krag.
- Geen fone mag onder mekaar geruil word nie.
- Geen “chargers” of muurproppe mag uitgeleen word nie.
- Niemand werk saam op ‘n foon, tablet of rekenaar nie.

14. Koors

- Leerders se koors sal daagliks 2 tot 3 maal by koshuis deur die diensdoener en by die skool getoets word.
- Diensdoeners en personeel se koors word ook daagliks getoets.
- Om almal se koors te toets kan ongelukkig nie privaat en in afsondering gedoen word nie.
- Geen opmerkings en grappies sal tydens toetsing geduld word nie.
- Leerders met ‘n koors van 38° C en hoër sal die koshuisterrein dadelik moet verlaat en na ‘n geneesheer geneem moet word deur hul ouers.
- Geen personeellid mag en gaan leerders na die hospitaal neem nie indien die leerder enige Covid-19 simptome ervaar.
- Leerders kan ook vraelys voltooi oor moontlike kontak met ander persone.

15. Prosudures wat gevolg moet word indien iemand siek is.

- Indien ‘n leerder by die skool siek word moet hy/sy deur sy ouers daar opgelaai word en nie opgestuur word koshuis toe nie.
- Geen siek leerder mag by die koshuis afgelaai word deur sy/haar ouers nie.
- Indien leerder by die koshuis siek word moet die leerder so gou as moontlik deur sy/haar ouers gehaal word.
- Siek leerders sal in isolasies geplaas word totdat die ouer hul kom haal.
- Geen siek leerder sal toegelaat word om oornag te bly nadat ouers in kennis gestel is nie.
- Siek leerder moet dadelik na ‘n dokter geneem word vir observasie.
- Indien Covid-19 by die betrokke leerder vermoed word sal die terugkeer na die koshuis afhang van die uitslag van die toets.
- Geen Covid-19 simptome of bevestigde gevalle mag van Huis Excelsior en sy bestuur weerhou word en moet dadelik aangemeld word.
- Indien Covid-19 in die koshuis uitbreek sal alle ouers in kennis gestel word en verdere prosudures sal deurgegee word.

16. Sanitasie prosedures

-. Daar word sanitasie middels voorsien by elke ingang wat gebruik word.
- Die eetsaal en studiesaal het ook sanitasie geriewe.
- Elke persoon wat die koshuis betree moet sy/haar hande skoonmaak.
- Daar sal daagliks een masker van die leerders gewas en gestryk word.
- Masker word tydens aantree vir middagete ingehandig.

17. Hoërisikoleerders

- Bestaande mediese toestande, soos byvoorbeeld diabetes.
- Bestaande respiratoriese toestande, soos byvoorbeeld asma.
- Hoë bloeddruk.
- Hartsiektes, kanker en ander immuniteitsverswakkende toestande.
- Dit is belangrik dat sulke leerders nie in kontak kom met groepe of ander leerders nie.
- **INDIEN U KIND AAN BOGENOEMDE KRITERIA VOLDOEN, KONTAK ASSEBLIEF DIE SUPERINTENDENT.**

Reinier Janse van Rensburg
SUPERINTENDENT